

Stormagtige eerste kwartaal vir wêreldwye ekonomieë

Wêreldwye ekonomiese nuus: Junie 2011

Deur Kevin Lings en Laura Jones, STANLIB ekonome

Die wêreld-ekonomie sukkel om op dreef te bly na verskeie onaangename verrassings soos politieke onrus, hoër oliepryse en aardbewings. Die goeie nuus is egter dat ontwikkelende ekonomieë steeds sterk is en dat die VSA se herstel op koers is.

Terwyl die risiko van 'n terugkeer na resessie-toestande in die afgelope jaar aansienlik gekrimp het, het ander risiko's weer toegeneem. Dit sluit onder meer 'n streekwye oneweredige ekonomiese vertoning, 'n potensiële skuld-agterstand in die Euro-gebied en aansienlik hoër voedsel- en energie-inflasie in.

Hoewel die groeidinamika van talle ontwikkelende lande (onder leiding van China, Indië en Sub-Sahara Afrika) bemoedigend is, is ekonomiese toestande in die Euro-gebied, Brittanje en Japan gedemp.

Die sleutel-uitdaging in 2011 vir die meeste ekonomieë, insluitend Suid-Afrika, is om stygende inflasie hok te slaan terwyl 'n hoë groeikoers steeds gehandhaaf word.

Wêreldwye onrus in eerste kwartaal

Die eerste kwartaal van 2011 het 'n paar onaangename verrassings vir die wêreld-ekonomie opgelewer wat die stukrag van wêreldwye ekonomiese herstel ondermyn en die onstabiliteit en onsekerheid van finansiële markte vergroot het:

- Politieke onrus in Noord-Afrika en die Midde-Ooste het oliepryse die hoogte laat inskiet.
- Voedselpryse is deur uiterste weerstoestande in talle lande opwaarts gedwing.
- Die vernietigende aardbewing in Japan het tot 'n massiewe ontwrigting van die produksie van voertuie en elektroniese toerusting gelei.
- Die finansiële spanning wat weer in die Euro-gebied kop uitgesteek het, kan tot gevolg hê dat 'n aantal lande hul nasionale skuld moet herstruktureer.

Oliepryse dryf inflasie

Die Libiese burgeroorlog en onrus in ander Midde-Oosterse en Noord-Afrikalande (MENA), insluitend Sirië, het oliepryse die hoogte laat inskiet. Gedurende Desember 2010 was die gemiddelde prys per vat \$92, maar dit het vroeg in April gestyg tot meer as \$127 per vat, wat 'n styging van meer as 38% is.

Dit het weer gelei tot hoër inflasie in die meeste ontwikkelde ekonomieë, insluitend die VSA, Brittanje en die Euro-gebied, maar ook in talle opkomende ekonomieë soos China, Indië en Suid-Afrika.

'n Opname van die jongste verbruikersinflasiekoers in 74 lande het getoon dat inflasie wêreldwyd aan die styg is. Meer as 60 lande het in die afgelope jaar 'n styging in inflasie beleef. Hoewel dit nie 'n bepalende aanduiding is van stygende wêreldwye inflasie nie, blyk dit tog 'n algemeen opwaartse neiging te bevestig – gegewe die feit dat sommige lande in 2010 'n baie lae basiese inflasie-vertrekpunt gehad het.

Breëbasis inflasie ook aan die styg

Hoewel onderliggende of kern-inflasie in die meeste lande goed onder beheer is, is daar tog tekens van 'n styging in nie-energieverwante inflasie. Kapasiteitsbenuttingsvlakke is aan die styg, wat beteken dat maatskappye meer van hul produksiekapasiteit gebruik. Dit kan produksiekoste raak, wat weer oorgedra sal word aan die verbruiker.

Monetêre toestande bly steeds in die meeste ekonomieë uiters los, met negatiewe werklike rentekoerse wat die leen en besteding van geld aanmoedig. Onder hierdie toestande is daar 'n duidelike aanduiding dat die risiko van 'n breëbasis styging in wêreldwye inflasie beslis aan die toeneem is.

Internasionale voedselpryse het ook sedert die middel van 2010 dramaties gestyg en dit is deur die gure weerstoestande in baie lande, veral Rusland en Australië, vererger. Volgens die *Economist* se voedselprysindeks, het pryse in die afgelope jaar in dollar-terme met 'n verbysterende 42% jaar-op-jaar gestyg.

Die styging in internasionale voedselpryse het feitlik elke kategorie van voedsel geraak en tot hoër voedsel-inflasie in talle lande gelei. Suid-Afrika sal in die komende 12 maande ook meer regstreeks geraak word. Ons verwag dat Suid-Afrika se voedsel-inflasiekoerse teen die einde van die jaar die 10%-vlak jaar-op-jaar sal verbysteek.

Japan weer in resessie

Japan steier steeds onder die gevolge van een van die ergste aardbewings op rekord. Buiten die massiewe menslike tragedie wat dit ingehou het, het die ramp ook tot die sluiting van talle elektroniese en motorvervaardigers gelei, asook tot 'n ontwrigting van die verskaffing van noodsaaklike motor- en elektroniese komponente aan fabriekse wêreldwyd en 'n skerp daling in Japan se vertrouwe-vlakke.

Volgens die Japanse Motorhandelaarsvereniging het voertuigverkope in April vanjaar met 51% jaar-op-jaar geval. Dit is, in opvolging van 'n daling van 37% jaar-op-jaar in Maart, die grootste jaarlikse daling in verkope wat opgeteken is sedert die datareeks in 1968 begin het, asook die laagste volume van motorverkope in Japan sedert minstens 1968.

Hierdie skerp afname in produksie, asook op baie ander gebiede van sake- en verbruikersbedrywighede, insluitend die kleinhandel, sal 'n erge uitwerking op sowel die eerste as die tweede kwartaal 2011-skattings van Japan se BBP-vertoning hê. In die maande voor die aardbewing was die Japanse ekonomie besig om te verswak en dit het waarskynlik in die afgelope 6 weke weer in resessie-toestande inbeweeg.

Europa steeds finansiële ontwrig

Hoewel Griekland, Ierland en meer onlangs ook Portugal, beduidende finansiële hulp van die Europese Sentrale Bank en die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) ontvang het, duur hul finansiële probleme voort en sal hulle waarskynlik in die komende maande verdere finansiële hulp nodig hê.

Nasionale skuldvlakke is besonder hoog, terwyl ekonomiese groeikoerse onder druk bly. Hoe hoër die vlak van regeringskuld, hoe meer moet die regering betaal om die skulde te diens. Indien die probleem nie aangevat word nie, kan dit 'n punt bereik waar die regering in 'n skuldstrik beland. Deur die gebruik van 'n eenvoudige matriks wat die totaal van regeringskuld kombineer met die hoeveelheid skuld wat deur nie-inwoners gefinansier word, is dit moontlik om 'n ruwe skatting te maak van hoe kwesbaar die regering se finansies is.

Volgens hierdie metodologie, is die tien lande met die hoogste huidige vlak van fiskale kwesbaarheid: Griekland, België, Oostenryk, Ierland, Italië, Portugal, Frankryk, Hongarye, Finland, Nederland en Duitsland.

Terwyl Japan die mees skuldbelaaide regering in die wêreld is, is sy skuld dié van inwoners en nie buitelanders nie, wat die land se kwesbaarheid verminder. Dit is duidelik die voordeel van 'n land met 'n spaarkultuur.

Spanje is nie op die lys van die kwesbaarste lande nie, om die eenvoudige rede dat sy absolute vlak van skuld teen 60.1% van die BBP nog redelik bestuurbaar is. Dit is insiggewend om te sien dat die lande met die hoogste graad van fiskale kwesbaarheid meestal ontwikkelde ekonomieë is, terwyl dié met die laagste kwesbaarheid meestal opkomende mark-ekonomieë is. Suid-Afrika vaar besonder goed in feitlik alle metings van fiskale kwesbaarheid.

Nou vir die goeie nuus...!

Duitsland bly steeds 'n vesting

Duitsland, die grootste ekonomie in die Euro-gebied, het besonder goed geprester met die hulp van 'n verbeterde uitvoerprestasie. Die waarde van Duitse uitvoere het in Maart 2011 met 'n ongekende peil gestyg. Gevolglik het vervaardigersentiment ook teen 'n vinnige tempo gestyg en het die vraag na kapitaalgoedere onlangs rekordhoogtes bereik. In April het die IMF sy 2011 en 2012 groei-vooruitskattings vir Duitsland opwaarts aangepas.

Ontwikkelende ekonomieë steeds sterk

Ontwikkelende Asië wat China en Indië insluit, het voortgegaan om oortuigend stof in die oë van die ander streke van die wêreld te skop, hoewel 'n aantal ander opkomende ekonomieë, insluitend Sub-Sahara Afrika, ook konsekwent sterk bly presteer het.

Gedurende 2010 het Sub-Sahara Afrika met sowat 5% gegroei en dit sal na verwagting in 2011 tot omtrent 5.5% groei danksy die sterk plaaslike vraag in talle van die streek se ekonomieë, sowel as die stygende wêreldwye vraag na kommoditeite.

VSA se herstel op koers

Die ekonomiese herstel in die VSA, wat steeds die wêreld se grootste ekonomie is, het in die afgelope 6 maande verbreed en gestabiliseer. Terwyl die VSA amptelik uit die resessie is, beteken dit nie dat ekonomiese herstel sonder risiko is nie.

Daar is 'n aantal belangrike struktureel ekonomiese vraagstukke, wat 'n swak eiendomsmark en hoë openbare sektor-skuldvlakke insluit. Dit kan daarop dui dat die VSA sal sukkel om terug te keer na sy geskiedkundig gemiddelde groeikoers, terwyl dit egter wil voorkom asof die land die ergste van die kredietkrisis met welslae bestuur en sodoende 'n dubbelslag resessie afgeweer het.

Liberty Groep is 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 ("FATD") (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nóg 'n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nóg 'n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van 'n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.